**SAFLII Note:** Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(WES-KAAPSE AFDELING, KAAPSTAD)**

**SAAKNR: SS22/2016**

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

Teen

**JEROME AMERIKA**

---

**UITSPRAAK: 1 DESEMBER 2016**

---

**HENNEY, R**

Inleiding

[1] Die beskuldigde staan tereg op 7 aanklagte voortspruitend uit twee insidente op onderskeidelik 7 April 2015 en 27 Februarie 2016, waartydens twee slagoffers betrokke was. Ten opsigte van die eerste insident, beweer die Staat dat die beskuldigde die volgende oortredings gepleeg het:

Aanklag 1:

Ontvoering: die Staat beweer dat die beskuldigde op of ongeveer 7 April 2015, en te of naby Paarl Oos, opsetlik en wederegtelik vir H. C. ontneem het van haar vryheid van beweging, deur haar met 'n byl te dreig en haar te dwing om saam met hom te loop.

Aanklag 2:

Verkragting, ter oortreding van artikel 3 van die Strafregwysigingswet (Seksuele misdrywe en verwante aangeleenthede), wet 32 van 2007 ("die wet"), deurdat beskuldigde op dieselfde datum en plek soos genoem in klag 1 opsetlik en wederegtelik 'n handeling van seksuele penetrasie met H. C. gepleeg het, deur sonder haar toestemming sy penis in haar vagina te druk.

Aanklag 3:

Verkragting, ter oortreding van artikel 3 van die wet, deurdat beskuldigde op dieselfde datum en plek soos genoem in klag 1, egter op 'n later tydstip gedurende die dag, weereens opsetlik en wederegtelik 'n handeling van seksuele penetrasie met H. C. gepleeg het, deur sonder haar toestemming sy penis in haar vagina te druk.

Ten opsigte van aanklagte 2 en 3, beweer die Staat dat die bepalings van artikel 51 (1) van Strafregwysigingswet 105 van 1997 ("die Strafregwysigingswet") van toepassing is:

die ten laste gelegde misdrywe word in Deel 1 van Bylae 2 van die wysigingswet gelys, siende dat die klaagster meer as 1 keer deur die beskuldigde, 'n medepligtige of mededader, verkrag is.

Met betrekking tot die tweede insident, beweer die Staat dat die beskuldigde die volgende oortredings gepleeg het:

<u>Aanklag 4:</u>

Ontvoering van 'n minderjarige: deurdat die beskuldigde op 27 Februarie 2016, te of naby I. straat, Groenheuwel, Paarl, opsetlik en wederegtelik vir S. C. – 'n 10 jarige meisie – ontvoer het deur haar te verwyder vanuit die wettige toesig en beheer van P. C. en/of M. C., haar moeder en/of voog, met die opset om haar vanuit sodanige wettige beheer en toesig te verwyder.

<u>Aanklag 5:</u>

Verkragting: deurdat die beskuldigde op dieselfde datum en plek as in klag 4 genoem, opsetlik en wederegtelik 'n handling van seksuele penetrasie met S. C. – 'n 10 jarige meisie – gepleeg het, deur sonder haar toestemming sy penis of 'n ander onbekende voorwerp, in haar vagina te druk.

<u>Aanklag 6:</u>

Verkragting: deurdat die beskuldigde op 27 Februarie 2016, op dieselfde datum en plek as genoem in klagte 4 en 5, opsetlik en wederegtelik 'n verdere handeling van seksuele penetrasie met S. C. gepleeg het, deur sonder haar toestemming sy penis, of 'n ander onbekende voorwerp, in haar anus te druk.

Met betrekking tot aanklagte 5 en 6, beweer die Staat dat die bepalings van artikel 51 (1) van Strafregwysigingswet van toepassing is: die ten laste gelegde misdrywe word in Deel 1 van Bylae 2 van die wysigingswet gelys, siende dat die klaagster onder die ouderdom van 16 was, alternatiewelik verkragting waarby ernstige liggaamlike leed toegedien was.

Aanklag 7:

Moord: deurdat die beskuldigde op 27 Februarie 2016, op dieselfde plek as genoem in aanklagte 4, 5 en 6, opsetlik en wederegtelik vir S. C., 'n 10 jarige meisie, gedood het deur haar te wurg, met 'n onbekende voorwerp oor die kop te slaan, met 'n skerp voorwerp te steek, en/of op 'n ander wyse onbekend aan die Staat.

Met betrekking tot hierdie aanklag beweer die Staat dat die bepalings van artikel 51 (1) van Strafregwysigingswet van toepassing is: die beskuldigde het die slagoffer gedood tydens of na die uitvoering, of gepoogde uitvoering, van een van die volgende misdrywe, te wete verkragting of moord, welke misdryf beplan was en/of die slagoffer moontlik sou kon getuienis lewer, of getuienis gelewer het, ten aansien van 'n misdryf soos genoem in Bylae 1 van die Strafproseswet 51 van 1977 ("die Strafproseswet").

Die beskuldigde word bygestaan deur Advokaat Theunissen, terwyl Advokaat Marshall die Staat verteenwoordig.

[2] Die beskuldigde het onskuldig gepleit op al die aanklagte, en het verkies om sy reg tot stilswye uit te oefen. Hy het geen pleitverduideliking aangebied nie. Hy het wel sekere formele erkennings gemaak in terme van artikel 220 van die Strafproseswet, wat

uiteengesit word in bewysstuk "A". Die hof sal tydens hierdie uitspraak na die erkennings verwys, indien en soos nodig.

[3] Die Staat het die volgende getuies geroep: Konstabel Gretched Muller, Dr Deidre Abrahams, P. C., N. L. ("Ouboeta"), V. L., J. C., Sersant Willem Ockhuis. Die beskuldigde het in sy eie verdediging kom getuig en ook vir Charlotte Adams geroep as getuie. Die hof sal hul getuienis in chronologiese volgorde opsom.

[4] **P. C.** het getuig dat sy woonagtig is te I. straat […], Paarl. Ten tyde van die insident het die oorledene, die oorledene se moeder (M.), vader (Sean) en broer (J.), saam met haar gewoon in 'n buitegebou meer algemeen bekend as 'n "Wendy" huis ("die Wendy huis"). Op dieselfde perseel staan ook 'n baksteen gebou wat dien as die primêre woonhuis ("die woonhuis"). V. en "Ouboeta" het in die woonhuis gewoon. Aangeheg aan die woonhuis, is 'n klein stoorkamer/pakkamer ("pakkamer of stoorkamer"), waarin V. en 'n ander persone wat ook op die perseel woonagtig is, van hul besittings gestoor het. Gedurende Februarie 2016 het H. en die beskuldigde – wat aan haar bekend was – in die stoorkamer gewoon.

[5] Die laaste keer wat die getuie die oorledene lewend gesien het, was Saterdag die 27ste Februarie 2016. Ongeveer 11vm het die oorledene en haar moeder eiers en voorafbetaalde elektrisiteits eenhede gaan koop – die oorledene het egter alleen teruggekeer met die aankope. Die getuie het op die perseel agtergebly met die oorledene se jonger suster, Chandré. Op hierdie tydstip was die beskuldigde in die stoorkamer. Nadat die oorledene teruggekeer het, het sy vir haar van die eiers gaar gemaak, geëet, haarself gaan was en aangetrek, en op die bed in die Wendy huis gaan lê.

[6] Die getuie is saam met Chandré na die bure wat oorkant hulle gebly het en het buite in die werf gesit. Van waar die getuie gesit het, het sy 'n onbelemmerde uitsig op die Wendy huis gehad, en het sy gesien dat die beskuldigde in en uit die Wendy huis beweeg het. Na 'n ruk het sy opgestaan en teruggegaan na die Wendy huis. Sy het Chandré op die bed neergelê en opgelet dat die oorledene nogsteeds op die bed gelê het. Op daardie stadium was die beskuldigde in die werf, en het hy haar vir 'n stukkie brood en geld gevra. Sy het vir hom die brood gegee, maar het nie enige geld gehad nie. Sy is terug na die oorkantste bure, en het gemerk dat die beskuldigde die perseel verlaat het en in die rigting van die winkel geloop het.

[7] Later het hy teruggekeer en het na die stoorkamer gegaan. Sy het weer na die Wendy huis gegaan, en het gesien dat die oorledene nie meer daar was nie. Sy het die mense in die onmiddellike omgewing gevra of enige van hulle die oorledene gesien het. Op hierdie stadium het die beskuldigde weer die perseel verlaat en sy het hom nie gevra of hy geweet het waar die oorledene haar bevind nie. Later het die oorledene se moeder daar aangekom, en die getuie het haar meegedeel dat sy nie weet waar die oorledene is nie. Die getuie het toe na die oorledene se skoolvriende gegaan om uit te vind of die oorledene by enige van hulle was. Hulle het haar egter ook nie gesien nie. Die oorledene se ouma is gekontak, sy het egter ook nie geweet waat die oorledene was nie.

[8] Hulle het die area rondom die huis deursoek, en het ook onder die beddens in die huis gekyk, maar kon haar nie kry nie. Sy nie op daardie stadium daaraan gedink om in die stoorkamer te kyk nie. Hulle soektog het gedurende Saterdagaand en tot Sondagoggend voortgeduur. Hulle het plaaslike hospitale gekontak om uit te vind of die oorledene daar is, en daarna het hulle na die polisie gegaan. Daardie Sondagoggend terwyl hulle na die oorledene gesoek het, was die beskuldigde in die stoorkamer. Sy het ongeveer 12nm op die Sondag na die beskuldigde gegaan waar hy in die

stoorkamer was, en hom gevra om 'n vuur aan te steek sodat hulle kon vleis braai. Die stoorkamer se deur was halfpad oop.

[9] Die beskuldigde het die deur toegemaak en aangedui dat hy die deur wou toehou om die rook en hitte uit die stoorkamer te hou. Daardie selfde Sondag het sy na die agterkant van die woonhuis gegaan, soos aangedui op fotos 61 en 62 van die foto album, bewysstuk "E" (in die area waar 'n wit tafel staan met plante bo-op). Sy het opgelet dat die geel emmer waarin sy slegs weke tevore 'n laken en 'n gestreepte kombers gesit het, toe slegs die laken bevat het. Die kombers het aan "Ouboeta" behoort en sy het dit in die emmer gesit om dit te was. Die oorledene kon ook daardie Sondag steeds nie opgespoor word nie. Sy het die Maandag gaan werk en 4:30 teruggekom.

[10] Later het sy na die woonhuis gegaan om water in 'n vrieskas in een van die kamers te sit. Sy het 'n vreemde reuk opgemerk. Sy is weer buitentoe. Later het V. na haar gekom en aangedui dat iets onaangenaam ruik. Die reuk het van binne-in die huis gekom. Sy is weer in die kamer in die woonhuis in en het die bed opgelig. Sy het iets raakgetrap. Sy het 'n swart sak van onder die bed uitgetrek en het 'n Checkers sak wat daaroor was, afgetrek. Die Checkers sak was oor die oorledene se kop. Die liggaam was in die rooi gestreepte kombers toegedraai en was met draad vasgebind. Op die tydstip wat die liggaam ontdek is, was die beskuldigde nie in die huis nie. Hy het eers later opgedaag toe die polisie reeds op die toneel was.

[11] **Konstabel Muller** het getuig dat hy die eerste polisiebeamte op die toneel was, op Maandag 29 Februarie 2016, teen ongeveer 19:00. Hy bevestig die getuienis van P. C. dat daar 'n eienaardige reuk in die huis was en dat die oorledene se liggaam, toegedraai in 'n kombers en plastiek sakke, onder 'n bed gevind is. Hy het ook bevestig

dat die oorledene die Sondag as vermis aangemeld is en dat hulle die Sondag en Maandag na haar gesoek het. Hy het getuig dat tydens 'n gesprek met P., sy aangedui het dat sy die beskuldigde vroeër daardie dag gesien het met die kombers waarin die oorledene se liggaam toegedraai was. Sy het verder aangedui dat die kombers gewoonlik in die stoorkamer was waar die beskuldigde geslaap het.

[12] Sy het die beskuldigde ook met 'n ander kombers gesien, wat hy op die wasgoedlyn gehang het. Sy het ook die beskuldigde vroeër daardie dag in die woonhuis gesien. Hy het aan haar gesê dat hy besig was om een van die kamers skoon te maak. Dit was dieselfde kamer waar die oorledene se liggaam gevind is. Hy het daarna verdwyn. Sy het die beskuldigde vanaf sy tienerjare geken. Terwyl Konstabel Muller besig was op die toneel, het die beskuldigde oor die "vibracrete" muur aan die agterkant van die perseel gespring. Lede van die publiek wou hom aanrand. Hy is deur die polisie in hegtenis geneem en van die perseel verwyder.

[13] **Dr Abrahams** het in 1992 as dokter gekwalifiseer. Sy is sedert 1995 'n senior spesialis in forensiese patologie. Vanaf 2003 tot op die datum wat sy getuig het, was sy gestasioneer by die Forensiese Patologiese Dienste, Paarl. Op 29 Februarie 2016 is sy uitgeroep na 'n toneel by I. straat [...], waar die liggaam van 'n jong meisie gevind is. Die liggaam was gedeeltelik onder 'n kombers en gedeeltelik daarin toegedraai. Die onderste helfte van die liggaam was ook in 'n swart plastiek sakke toegedraai. Dit was verder toegedraai in 'n oranje/geel kleurige mat. Die oorledene se kop was bedek met 'n rooi Checkers sak. Die liggaam was opgeblaas en daar was tekens van swart verkleuring. Na raming het die dood ongeveer 48 uur voor die liggaam ontdek is, ingetree. Volgens Dr Abrahams se skatting is die oorledene gedurende die vroeë namiddag tussen 12h00 – 14h00 op 27 Februarie 2016 oorlede.

[14] As redes vir haar skatting het sy die volgende aangevoer: die opgeblaasde toestand van die lyk; die mate van ontbinding en die feit dat die liggaam steeds tekens van rigor mortis getoon het; die ontwikkelingsfase van vlieë asook die larwes van die vlieë; die ontwikkeling van maaiers; asook die feit dat daar aanduidings van knaagdier aktiwiteit aan die oorledene se vingerpunte was, wat sy toegeskryf het aan moontlike blootstelling aan knaagdiere. Sy het 'n indringende wond opgemerk aan die linker voorkant van die borskas, wat strook met 'n besering wat voor afsterwe met 'n skerp voorwerp toegedien is. Sy het verder getuig dat die omgewings temperatuur asook die feit dat die liggaam toegedraai was, die ontbindingsproses sou versnel het.

[15] Sy het op 1 Maart 2016 'n lykskouing gedoen. Haar hoof bevindings was: 'n besering aan die kop, wat vermoedelik deur veelvuldige houe met 'n stomp voorwerp veroorsaak is; 'n steek wond tot die borskas; asook ernstige beserings aan beide die vagina en die anus, wat strook met seksuele penetrasie van beide die vagina en anus. Die beserings aan die vagina en anus is *pre-mortem* toegedien – die oorledene was steeds lewend toe hierdie beserings opgedoen is. Die oorsaak van dood was verwurging.

[16] **H. C.** was die volgende getuie. Sy is die suster van die oorledene, M. C. is haar moeder. Die beskuldigde was haar mansvriend en hulle het 'n dogtertjie wat gebore is uit die verhouding tussen hulle, van 3 jaar oud. In die tyd wat sy met hom was, het hulle 'n stormagtige verhouding gehad en sy het op 'n stadium 'n interdik teen hom uitgehaal. Die eerste interdik wat sy teen hom uitgehaal het was in 2013. Die tweede een was in 2015. Die eerste interdik het sy nie verder opgevolg nie en dit was net 'n interim interdik. Daar was nooit 'n finale interdik toegestaan omdat hy haar nie verder gepla het nie. Hulle het na die eerste interdik weer op 'n stadium die verhouding hervat.

[17] Op 8 April 2015 het sy aansoek gedoen vir 'n tweede interdik. Dit was nadat hy op Sondagaand 6 April 2015 by die huis aangekom het met 'n byltjie, haar gedreig het en gesê dat hy vir haar teen die kop sal kap daarmee. Hy wou toe weer met haar in 'n verhouding betrokke raak. Daarna het hy geloop. Die volgende oggend, die 7de April 2015, terwyl sy oppad werk toe was, het die beskuldigde vanaf die agterhuis gekom en vir haar gesê sy moet haar bek hou anders gaan hy haar kap met die byltjie en dat sy met hom moet stap.

[18] Sy het saam met hom gestap, oor 'n treinspoor en oor 'n rivier se brug, waarna hy 'n stok geneem het en haar daarmee oor die kop geslaan en oor haar hand. Sy het oopwonde opgedoen. Daarna het hy gesê dat hy met haar geslagsgemeenskap wil hê en dat hy niks wil hoor nie. Daarna het hy haar na die oorkant van die brug na 'n bos en hy haar weer gevra om met hom seks te hê. Hierop het sy gevra as sy ja sê of hy haar sal uitlos. Hy het toe niks gesê nie. Hy het toe met haar geslagsgemeenskap gehad, sy wou nie met hom geslagsgemeenskap gehad het nie. Sy het hom toegelaat om dit te doen want sy wou gehad het hy moet haar los, want hy het vir haar gedreig om met hom seks te hê. Nadat hy klaar met haar was, het hy gesê sy moet verder met hom loop tot aan die anderkant van die brug. Hy wou 'n sigaret koop. Sy het vir hom geld gegee daarvoor. Sy het gedink op daardie stadium hy gaan haar uit los.

[19] Sy moes toe verder met hom loop tot aan die anderkant van die rivier tussen die bosse. Hy het haar toe meegedeel dat hy haar nie gaan los nie, en as hy nie vir haar kan kry nie, kan niemand haar kry nie. Hy het toe vir haar gesê dat hy weer met haar geslagsgemeenskap wil hê. Sy het haar nie teëgesit nie. Sy het probeer om met hom te praat en vir hom gesê dat sy vir hom gaan terugvat. Hulle het toe seks gehad vir 'n tweede keer. Hy het ook aan haar gesê dat hy sal haar vrek maak en vir haar daar in die rivier gooi.

[20] Sy het ook terwyl hy met haar seks gehad het die tweede keer niks gesê nie. Nadat hulle klaar was in die veld, sy was bang dat hy vir haar sal seer maak. Sy het hom toe meegedeel dat sy hom sal terugvat as hy sal ophou om dwelms te gebruik. Sy het hom toe meegedeel dat hy vir berading moet gaan. Nadat hulle klaar was in die veld, het sy teruggegaan huis toe. Toe sy by die huis kom, het sy vir haar ma vertel wat gebeur het. Haar ma het haar aanbeveel om 'n interdik te kry. Op die volgende dag 8 April 2015 het sy 'n interdik by die hof gaan kry.

[21] Sy het niks verder gedoen met betrekking tot die voorval nie. Sy was nie by die dokter nie, sy was ook nie by die polisie nie. Sy moes teruggegaan het na die hof toe op 28 Mei 2015 vir 'n finale interdik. Hy was ook daar op die betrokke dag. Toe hy by die hof met die bewerings wat sy gemaak het gekonfronteer word oor wat gebeur het op 8 April 2015, het hy net gelag. Sy het nooit 'n saak gemaak by die polisie nie. Hulle was ook uitmekaar uit op daardie stadium. Sy het hom weer op 'n stadium ontmoet in November 2015 en hulle het besluit om die verhouding te hervat nadat hy vir haar gesê dat hy verander het en dat hy werk en by sy ouers woonagtig is. Sy het toe besluit om vir hom 'n kans te gee. Sy het op daardie stadium gebly by haar ma in I. straat in die Wendy huis. Daarna het hy vir haar daar gereeld kom kuier oor naweke en in die week, en hy het daar ook kom slaap.

[22] In Januarie 2016 het hy in die stoorkamer ingetrek en kom bly in die agterkant van die huis. Hulle het op 'n kartondoos wat platgemaak is geslaap met komberse. Aan die begin was haar moeder nie tervrede met die feit dat hy daar kom bly het nie. In daardie week voordat die oorledene gesterf het, het sy by haar ouma gaan woon op Ashanti Plaas. Sy wou weg van die beskuldigde kom omdat hy nie wou werk nie. Sy het gebly by haar ouma tot Sondag 28 Februarie 2016 en sy het hom daar agtergelaat.

Hy het haar gebel op Vrydag 26 Februarie 2016 en wou geweet het wanneer sy huistoe kom, en hy wou ook geweet het of hy plaas toe kan kom. Hy het weer vir haar op Saterdag 27 Februarie 2016 gebel en met haar gepraat oor die foon. Hy wou by haar weet of hy kan deurkom na haar toe en vir haar toe gesê as hy kan deurkom, dat sy die venster vir hom moet oopmaak. Hy het toe nie gekom nie.

[23] Op Sondag 28 Februarie 2016 het sy 'n oproep gekry dat die oorledene, haar suster, weg is sedert die Saterdag. Sy het toe besluit om huis toe te gaan. Sy het eers tussen 9h00 en 10h00 daar by die huis aangekom. Nadat sy haar sak neer gaan sit het in die Wendy huis, het sy na die stoorkamer toe gegaan en het die beskuldigde daar gesien lê. Sy het hom meegedeel dat hy moet opstaan en hom gevra of hy nie miskien weet waar die oorledene is nie. Sy het op daardie stadium in die deur van die stoorkamer gestaan en sy kan nie onthou toe sy daar aangekom het of die deur oop of toe was nie.

[24] Op 'n stadium het haar ma terug gekom vanaf die polisie af en sy het toe later saam met hulle vir die oorledene gaan soek. Later toe hulle terugkom het hulle gaan braai en die beskuldigde moes die vuur gemaak het. Toe hulle klaar gebraai het, het sy saam met hom in die stoorkamer gaan sit en eet en sy het hom uitgevra oor die reuk wat binne in die stoorkamer was. Hy het aan haar meegedeel dat dit 'n muis is wat dood is. Sy was nie verder daaroor bekommerd nie.

[25] Later teen die aand se kant, het hulle gaan lê. Sy kon nie geslaap het nie. Sy het aan die huil geraak en opgestaan en gegaan na die Wendy huis en gaan sit by haar ma-hulle. Hy het toe later by haar aangesluit en hulle is terug na die stoorkamer toe. Sy het hom toe weer meegedeel van die reuk en hy het haar gevra om 'n piering te kry, en hy het in 'n poging om ontslae te raak van die reuk, kruie bossies aan die brand

gesteek. Hy het dit geblaas na die agterkant van die stoorkamer. Hulle het toe later aan die slaap geraak.

[26] Sy getuig verder dat dit donker daar in die stoorkamer en daar was geen ligte daarin nie. Die deur van die stoorkamer was oop en hulle het ten alle tye met 'n oop deur geslaap. Maandag oggend nadat hulle opgestaan het, het sy vir hom gesê dat sy die komberse wil was en hy het aangebied om dit self te doen. Sy het daarna saam met die ander weer vir die oorledene gaan soek. Die beskuldigde het ook gevra vir Jeyes Fluid wat hy wou gebruik het om die stoorkamer mee skoon te maak. Die beskuldigde was agtergelaat by die huis en hy het gekyk na die twee kinders. Hulle dogtertjie en ook na Chandré. Ouboeta was op daardie stadium by die huis.

[27] Hulle het na 'n tyd teruggekom. Sy was honger en sy het toe iets uit die vrieskas wat in een van die kamers was gaan uithaal. Sy het toe 'n vreemde reuk gekry in die kamer. Op 'n stadium het die beskuldigde gesê dat hy wil van die pamflette hê van die oorledene om dit gaan op plak iewers. Hy is toe daarna weg van die huis af. Na 'n tyd het V. by die huis uitgekom en vir hulle meegedeel daar is nie iets reg aan die reuk nie. Hy het toe ontdek daar is iets onder die bed in 'n sak. Sy het nie gaan kyk nie. Later was dit ontdek dat dit die oorledene se liggaam is wat onder die bed versteek was. Toe die liggaam van die oorlede ontdek was, was die beskuldigde nie by die huis nie.

[28] Hy het later by die huis aangekom en was toe nie weer daarna gesien nie. Sy het gehoor daar was 'n rooi en bruin gestreepte kombers oor die liggaam van die oorledene. Volgens haar was dit Ouboeta se kombers. Dit was heeltyd in 'n emmer daar in die agterplaas.

[29] **N. L.** of te wel Ouboeta het ook kom getuig. Hy is ook woonagtig daar by nr. [...] I. straat, Groenheuwel in Paarl. Hy is ook die broer van V. L.. Hy is 59 jaar oud en hy het standard 3 skool geslaag. Hy het die getuienis van H. sowel as P. bevestig oor die gebeure wat plaasgevind het oor die naweek. Hy het in 2015 daar op die perseël aangekom en daar kom woon by sy broer. Nie veel wat hy gesê het, was in geskil nie. Hy bevestig die vorige getuienis van die getuies se weergawe oor waar hy gebly het en oor die lyk van die oorledene wat daar in die huis gevind was. Hy bevestig ook die getuienis van P. oor die bewegings van die oorledene Saterdag 27 Februarie 2016. Hy het haar gesien die krag inpons by die huis. Hy het verder die res van die dag daar in die huis gesit en televisie kyk. Hulle het wel vir hom kom vra of hy weet waar sy is, maar hy het nie geweet waar sy is nie. Hulle het die Sondag ook gesoek vir die oorledene.

[30] Op Maandag 29 Februarie 2016 was hy by die huis. Die beskuldigde was ook daar met die twee klein kinders. Op 'n stadium het die beskuldigde vir hom kom roep en vir hom gesê dat daar mense is by die hek en dat hulle vir hom soek. Hy wou gehad het hy moet kom keer omdat daar 'n hond was. Hy het dit vreemd gevind omdat die beskuldigde gewoond is aan die hond. Hy het gesien op 'n stadium dat die beskuldigde lyk nie lekker nie en dit het gelyk asof hy vir hom iets wegsteek. Hy het toe gaan kyk waar hy is. Toe het hy geloop na die hek toe, sien vir die beskuldigde met 'n swart sak op die stoepie by die kombuis deur.

[31] Die kombuis deur was altyd toegesluit omdat dit nooit gebruik was nie. Dit was op daardie oomblik oop. Hy het ook in die kombuis voetspore opgemerk wat op die nat vloer was, wat hy voor dit gewas het. Nadat hy klaar was met die mense, het hy ingegaan en hy het 'n stink reuk gekry. Voor dit was daar nie 'n stink reuk nie. Hy het nie gesien waarheen die beskuldigde gaan met die swart sak nie. Hy het die swart sak bo-op sy arms gedra. Die beskuldigde het later daar televisie kom kyk en hy het nie met

hom gepraat nie. Hy het daar vir ongeveer 3 of 4 ure gesit en is later toe daar weg. Nadat V. uit die werk uitgekom het, is die lyk van die oorledene gekry, en dit toegedraai was in sy kombers. Die getuie getuig dat hy 'n beroerte gehad het in 2015 en ten tye van sy getuienis aflegging, was sy arm nog beseer.

[32] **V. L.** het kom getuig. Hy is die eienaar van die huis, nr [...] I. straat, Groenheuwel, Paarl. Die beskuldigde het met sy toestemming in die pakkamer of stoorkamer wat aan die agterkant van sy huis was, gewoon. Dit was nadat H. vir hom kom vra het of hy daar kan woon. Die Saterdag toe die kind weggeraak het, het hy gewerk. Hy is werksaam by die Drakensstein Munisipaliteit. Die Sondag en die Maandag was hy ook by die werk.

[33] Hy het die Maandag so ses uur by die huis gekom en nadat hy sy motor ingetrek het, het hy en Magadalena buitekant die woning gesit. Ouboeta het hom meegedeel dat hy moet kom ruik daar is iets snaaks wat ruik in die huis, amper soos 'n dooie rot of muis. Hy self het agtergekom dat iets nie lekker ruik nie. Hy het toe in die kamer gegaan en die slegte reuk daar in die kamer gekry. Hy het vir Ouboeta gesê en Ouboeta sê hy sien niks. Hy het toe self daarna iets gesien en dit uitgetrek, en hy sien toe dit is 'n sak. Volgens sy getuienis was daardie sak nie daar vroeër die oggend toe hy werk toe gegaan het nie. P. het toe gekom en toe trek sy die sak uit en hy het toe na buite gegaan. P. het daarna gesê hulle moet die polisie bel.

[34] Die kombers wat oor die liggaam was, was sy broer syne. Die oranje kleurige materiaal mat waarin die liggaam toegedraai was, was syne. Dit was in die pakkamer. Die draad waarmee die liggaam van die oorledene vasgedraai was, was ook in die pakkamer en was dit ook syne. Van die goed wat in die pakkamer was, was ook syne. Hy weet nie hoe die goed uit die pakkamer uitgehaal was nie. Die rekenaarskerm is M. syne. Die draad wat soos uitgebeeld is op fotos 71 en 72 is die draad wat in die

stoorkamer was. Die mes wat uitgebeeld word in foto 75 weet hy niks vanaf nie, dit is nie syne nie. Die reën klere wat op foto 80 uitgebeeld was, is syne, dit was in 'n plastieksak. Die reën klere was altyd gebêre in die pakkamer.

[35] Die verdere getuie wat getuig het was **M. C.**, die moeder van die oorledene, asook H. C.. Haar getuienis is nie in geskil nie en dit bevestig net die getuienis van H. C. asook P. C. wie van te vore getuig het met betrekking tot wat gebeur het gedurende die naweek van die 27ste Februarie tot 29 Februarie 2016. Sy bevestig ook die weergawe van H. C. met betrekking tot die voorval wat gebeur het op die 7de April maar was nie 'n ooggetuie ten tye van die beweerde verkragting en ontvoering nie. Haar getuienis met betrekking tot die feite in geskil neem derhalwe nie die saak verder nie.

[36] **J. C.** was die volgende getuie. Hy is die seun van Magdalene C.. Die broer van H. C. en ook die oorledene. Op Saterdag die 27ste Februarie 2016 was hy glad nie by die huis nr. [...] I. straat nie. Hy was op die plaas op daardie stadium. Hy het die Sondagoggend vroeg huis toe gekom. Hy kan nie onthou hoe laat dit was nie. Op daardie stadium was die beskuldigde alleen by die huis. Sy moeder was by die polisie. Die beskuldigde was agter in die pakkamer. Die getuie getuig dat hy soontoe gegaan het om sy okkapyp te gaan haal. Dit was binne in die pakkamer. Die beskuldigde het daar gelê en volgens die getuie toe hy daar aankom, het die beskuldigde daar uitgestorm. Hy het die okkapyp geneem uit die pakkamer uit en hy het weer daar weg beweeg. Hy is toe weer weg vanaf die huis.

[37] Hy sê daar het 'n bruin-room kleurige kombers agter die deur opgerol gelê. Dit was Ouboeta se kombers gewees. Daar het ook ander komberse gelê wat deel van die beskuldigde se bed was. Die kombers wat daar opgerol gelê was, was die bruin-room

kleurige kombers en dit was dieselfde kombers wat hy gesien het waarin sy suster toegedraai gewees het die Maandag toe die lyk ontdek was. Hieroor vertel hy dat hy so 3 uur se kant die Maandag van die werk gekom het en hy het toe daar by die huis ingegaan waar Ouboeta was. Daar was 'n stink reuk wat in die lug gehang het wat uit die kamer uitgekom het. Ouboeta het hom toe gevra om te gaan kyk. Hy het toe onder die bed gaan kyk en daar het 'n swart sak gelê en hy wou nie daar gaan krap het nie. Hy het toe vir Ouboeta meegedeel om maar te wag totdat V. vanaf die werk kom voordat hulle verder kyk. Die getuie sê hy het op daardie stadium gedink dit was V. se goed wat V. onder die bed gesit het. Hy wou toe nie gaan krap het aan die goed nie.

[38] Hy sê verder hy het toe uit die huis gegaan en hy het gegaan na die Wendy huis toe. So ongeveer 5h30 die namiddag het P. uit die werk uit gekom. Sy het ook ingegaan in die huis in en toe skreeu sy daar is iets nie reg in die huis nie. Die getuie sê hy het toe weer in die huis gegaan. P. het die bed opgelig. Hy het in die kamer gegaan. Hy het toe die swart sak uitgetrek. Daar was wurms onder die swart sak. Daar was ook 'n mat opgerol en dit was met blinkdraad vasgemaak. P. het toe gesê hulle moet dit uitlos en die polisie skakel.

[39] Hy het gesien dit is die dieselfde kombers wat hy die Sondag in die stoorkamer gesien het agter die deur. Die sak wat 'n Checkers inkopies sak is soos uitgebeeld op foto 35 was gebêre daar in die stoorkamer en dit was sy moeder se sak. Die getuie sê in kruisondervraging verder dat die kombers waar onder en waarop die beskuldigde sou geslaap het, was op die grond gewees en die kombers wat hy gesien het, was agter die deur. Hy ontken 'n stelling van die beskuldigde dat hy nie hom die Sondag gesien het nie en hy volstaan by sy getuienis dat die kombers van Ouboeta wel in die kamer was van die stoorkamer.

[40] **Sersant Willem Ockhuis** die ondersoekbeampte was die volgende getuie. Hy het betrokke geraak by die ondersoek van die saak op dieselfde dag toe die lyk van die oorledene daar gevind was op die 29ste Februarie 2016. Hy getuig verder dat die polisie die nodige ondersoek werk gedoen daar. Hulle het ook verder die toneel gefynkam vir enige liggaamlike of biologiese vloeistowwe om te kyk of hulle enigiets daar kon gekry het. Die honde eenheid is toe ontbied om te help met die ondersoek na ligaams vloeistowwe. Hulle het oral gesoek. Hulle het toe in die stoor of pakkamer waar die beskuldigde geslaap het tekens van ligaamlike vloeistowwe gekry.

[41] Die betrokke aand het hy ook met Ouboeta gepraat wie aan hom sekere mededelings gemaak het oor die doen en late van die beskuldigde daai betrokke dag. Die beskuldigde is op die betrokke dag deur hom gearresteer en weggeneem vanaf die toneel af. Hulle het teruggekeer na die toneel die Dinsdag om vir nog leidrade te gaan soek. Hy was ook later die dag, dit was die 1ste Maart 2016, die Dinsdag teenwoordig toe daar 'n lykskouing op die oorledene gehou was. Op daardie spesifieke dag, het hy ook 'n sleutel van die pakkamer gekry en dit gesluit. Hy is toe weer na die perseël die Donderdag met 'n kollega, Sersant Beukes. Hulle het die stoorkamer uitgepak. Hulle het afgekom op 'n rol blink draad en ook 'n mes waarvan die handvatsel toegedraai was met kleedband soos uitgebeeld op fotos 61 en 62.

[42] Hulle het ook afgekom op 'n munisipale reënpak asook 'n rekenaar se skerm en op die bewysstukke beslag gelê en dit verseël en verpak. Fotos 73 en 74 dui hierdie bewysstukke aan. Hy getuig verder dat nadat hulle die stoorkamer leeg gedra het, het daar 'n blink wasbak agter gebly en binne in die blink wasbak was daar tekens van ontlasting van muise en fyn stukkies koerant papier en plastiek wat daarop dui dat daar tekens was van muise. Nerens anders het hy tekens van muise opgemerk nie.

[43] Hulle het ook gesoek vir die kleredrag wat die beskuldigde die Saterdag sou aangehad het, maar hulle kon dit nie gekry het nie. Die beskuldigde het ook 'n besering aan sy regter hand gehad. Hy getuig verder dat daar tekens van bloed op die rekenaarskerm, die reënpak en teen die muur was. Hy het dit gestuur vir analise en dit was bevind dit was bloed van die oorledene. Hulle het ook 'n sterk reuk van Jeyes Fluid gekry in die pakkamer. Nadat die Staat hulle saak gesluit het, het die beskuldigde kom getuig.

[44] **Jerome Amerika**

Met betrekking tot die aanklagte van verkragting en ontvoering op H. C., getuig hy dat hy en H. in 2011 in 'n verhouding betrokke geraak het. Hy bevestig ook dat 'n kind gebore is uit hierdie verhouding. Op 7 April 2015 het hulle nie meer saam gebly nie. Dit was so 11:00 die oggend, hy het vir haar langs die pad gekry en hy het toe vir haar gesê hy wil met haar praat. Sy wou nie met hom praat nie, toe slaan hy haar met 'n stok en toe het hy gesê om met haar te loop. Terwyl hulle geloop het, het hy versoek en dit was op 'n onwelvoeglike wyse wat hy dit aan die Hof oorgedra het, dat sy met hom moet geslagsgemeenskap moet hê.

[45] Hulle het toe gegaan na 'n bos toe en hy het toe met haar geslagsgemeenskap gehad. Hulle het toe verder geloop en hy het eers by 'n plek ingegaan waar hy 'n sigaret gekoop het. Nadat hy die sigaret gerook het en hy het toe weer by 'n plek gekom, soos hy beskryf het as "ander kant die brug" en hy het weer op 'n onwelvoeglike wyse soos hy dit gestel het aan die hof vir haar versoek om met hom geslagsgemeenskap te hê. Die eerste keer en ook die tweede keer toe hy met haar geslagsgemeenskap gehad het, het sy niks gesê nie. Hy sê hy het nie vir haar mooi gevra om met haar geslagsgemeenskap te hê nie. Beide kere het hy haar versoek om

haar broek af te trek. Nadat hulle klaar geslagsgemeenskap gehad het, het hulle geloop tot by die stasie en sy het huis toe gegaan en hy het ook huis toe gegaan.

[46] Op vrae van die Hof, het hy toegegee hy het wel vir haar die Sondagaand gedreig en sy was bang vir hom. Die Sondagaand, die 6de April 2015 soos sy getuig het, is dit korrek dat hy wel 'n hand byltjie in sy sy gehad het. Hy was wel met haar in 'n argument betrokke en dit was oor hulle kind wat sy nie wou gehad hy moet sien nie en sy het onderhoud geëis van sy vader af ten spyte daarvan dat sy nie wou toegelaat het dat hy die kind moet sien nie. Hy het wel vir haar die volgende oggend ingewag. Hy het ook toegegee dat dit wel gelyk het asof sy nie uit vrye wil met hom wou gegaan het die Maandagoggend nie en hy sê dit is seker omdat hy onbeskof was met haar. Hy gee toe dat sy nie vrywillig met hom gegaan nie.

[47] Hy getuig ook dat hy wel bewus is van die interdik wat sy teen hom gekry het, en hy het nie gestry of beswaar gemaak dat 'n interdik teen hom vir haar toegestaan word nie. Ten aansien van die tweede voorval, die moord, het hy getuig dat hy wel op 27 Februarie 2016 by die huis was. Dat hy wel op 'n stadium vir P. 'n sny brood en 'n vyftig sent gevra het. Dat hy so na 2:00 uur vanaf die perseël gegaan het. Hy het gegaan na sy niggie Charlotte toe en hy het daar geld gaan soek. Sy het hom 'n R20,00 gegee waarna hy dit gebruik het om te gaan rook. Hy het net so na 4:00 die middag teruggekom. Op daardie stadium dink hy P. was nog aan die oorkant van die pad. P. het op daardie stadium vir die oorledene begin soek en gevra waar sy is.

[48] Sy het eers vir Ouboeta gevra en toe daarna het sy vir hom gevra. Hy het daarna terug gegaan na die pakkamer waar hy geslaap het en hy was heeltyd daar. Hy het 'n bietjie gaan lê. Op 'n stadium het M. aangekom en aan haar was ook meegedeel deur P. dat die kind weg is. Hy het op 'n stadium gaan televisie kyk by Ouboeta. Hy

het toe weer teruggegaan na die pakkamer toe om te gaan slaap. Hy het die volgende dag wakker geword en P. het hom versoek om 'n vuur te maak. Hy het toe nadat hy die vuur gemaak het, die vleis gebraai en H. het ook in die loop van die oggend daar aangekom.

[49] H. en haar ma het toe na die oorledene gaan soek en daarna het hulle kom eet. Hy en H. het die Sondagaand in die pakkamer geslaap. Daar was wel 'n reuk waarvan sy gekla het. Volgens hom was die reuk nie so sterk of so skerp nie. Die Maandagoggend het H. hom versoek om die stoorkamer skoon te maak en die komberse te was. Hy het haar gevra om hom te voorsien van Jeyes Fluid wat sy aan hom toe gegee het. Hy het toe die stukkie vloer waar hulle geslaap het gewas met die Jeyes Fluid. Die agterste gedeelte van die stoorkamer was vol goed en toe hy die vloer gewas het, en die goed nog daar was. Die Jeyes Fluid het gehelp om die reuk weg te vat. Hy het ook op twee dooie muise afgekom wat gelê het daar voordat hy die vloer gewas het. Daarna het hy die komberse gewas. In die tyd het daar mense aangekom wat vir M. gesoek het en hy het toe vir Ouboeta gaan sê dat hy met die mense moet kom praat. Hy het daarna weer na die agterplaas toe gegaan om die komberse te was. 'n Tyd daarna het H. en haar ma teruggekom. Later het daar ook 'n polisieman en vrou gekom. Hy was nog steeds besig om die komberse te was.

[50] Die polisie het nie met hom gepraat nie. Hy was die hele dag by die huis. So teen die middag het hy vir H. geld gevra om twee biere te gaan koop. H. het daarna weer gaan soek vir die oorledene. Daarna nadat hulle teruggekom het, het hy toe eers 'n draai gaan loop. Hy het toe 'n pamflet gevat waarop die oorledene se gesig was en hy het dit teen 'n boom naby die sokkerveld vasgekap. Hy het later huistoe gekom en toe sien hy die polisie is daar en hy word toe later gearresteer. Hy erken dat dit 'n bloedkol is van die oorledene wat teen die muur van die pakkamer gevind was.

[51] Hy erken ook dat dit die bloed van die oorledene was wat op die rekenaarskerm was. Hy erken ook dat daar ook bloed van die oorledene op die reënpak van V. was. Hy dra nie kennis hoe die bloed van die oorledene op die goed gekom het nie. Hy ken ook nie die reënpak nie. Hy het dit nie daar gesien nie. Hy erken wel dat die rekenaarskerm daar in die stoorkamer was. Hy weet nie wat van die oorledene geword het nie. Hy het ook niks te doen gehad met die oorledene nie. Hy het ook niks aan haar gedoen nie. Hy weet ook nie hoe die oorledene se ligaam onder die bed in die slaapkamer beland het nie en Ouboeta vertel nie die waarheid as hy sê dat hy 'n swart sak in die huis ingeneem het nie. Hy het ook nie die agter deur oopgemaak nie.

[52] Die agter deur was oop toe Ouboeta besig was om die kombuis vloer met die mop af te was. Hy ontken ook dat hy in die tyd toe die mense met Ouboeta gepraat het binne, in die huis was. Hy was wel voor die agter deur. Die Hof sal later met die evalueëring van die getuienis wel die verdere getuienis wat beskuldigde gegee het in kruisondervraging mee handel. Die beskuldigde is 'n geleentheid gegun om 'n getuie te roep, sy niggie Charlotte Adams. Haar getuienis was dat die beskuldigde by haar huis aangekom het op die namiddag van 27 Februarie 2016, tussen 14h30 – 15h00. Hy het 'n R20,00 by haar kom soek wat sy vir hom gegee het, en kort daarna so ongeveer 14h40 het hy weer weggeloop.

<u>EVALUERING</u>

[53] By die evaluering van die getuienis, moet die hof in gedagte hou dat die Staat sy saak bo redelike twyfel moet bewys. Behalwe die mondelinge getuienis wat hier aangebied was, het die Staat ook verskeie dokumentêre bewysstukke ingehandig wat nie in geskil was nie. Die hof sal daarna verwys waar nodig. Die beskuldigde het ook reeds erkennings gemaak met betrekking tot die omstandighede rondom die vind van

die lyk van die oorledene, die wegneem van die lyk van die oorledene en die post-mortem wat uitgevoer was op die oorledene, die oorsaak van dood en die hoof post-mortem bevindinge van die patoloog, Dr Abrahams.

[54] Verder dat bloedmonsters geneem was en dat hierdie bloedmonsters van die oorledene vergelyk was met die bloed wat teen die muur aan die binnekant van die stoorkamer, op die rekenaarskerm en die reënpak. Met betrekking tot die voorval op 7 April 2015, berus die saak van die Staat op die getuienis van H. C..

[55] Haar getuienis was dat die beskuldigde vir haar op die aand van die 6de April gedreig het en vir haar ingewag het die volgende dag, die 7de April 2015 en daarna geslaan het met 'n stok en gedwing het om met haar te gaan en daarna met haar geslagsgemeenskap gehad het op twee geleenthede. Volgens haar, het sy nie eerstens vrywillig met hom gegaan nie, en tweedens, toe hy met haar geslagsgemeenskap gehad het op hierdie twee geleenthede, het sy nie vir hom toestemming gegee nie.

[56] Die beskuldigde het aanvanklik gesê dat die klaagster vrywillig met hom geloop het en ook dat sy ingestem het om met hom geslagsgemeenskap te hê. By nadere ondervraging, het hy aanvanklik teesinnig toegegee dat die klaagster nie vrywilliglik met hom geloop het nie. Hy het later ook toegegee dat die klaagster ook nie vrywilliglik met hom geslagsgemeenskap gehad het nie. Hy het toegegee dat hy ook op daardie stadium nog altyd die hand byltjie gehad het en hy het toegegee dat die klaagster bang vir hom was en vreesbevange vir hom was omdat hy haar geslaan het met hierdie stok. Hy het later ook toegegee dat onder hierdie omstandighede, die klaagster nie vrywilliglik met hom geloop het of geslagsgemeenskap gehad het nie.

[57] Ek is derhalwe oortuig dat op die beskuldigde se eie weergawe en op die weergawe van die klaagster, H. C. dat hy wel die klaagster teen haar sin en teen haar wil haar van haar vryheid van beweging ontneem het en haar ontvoer het op die betrokke dag.

[58] Met betrekking tot die tweede aanklag en die derde aanklag, is ek ook oortuig bo redelike twyfel dat as gevolg van die vrees wat hy by haar ingeboesem het, sy nie anders kon as om met hom geslagsgemeenskap te hê nie. Sy het nie veel van ‘n keuse gehad nie en dat hy dan geslagsgemeenskap gehad het met haar sonder haar toestemming. Verder dat hy deur die geweld wat hy toegepas het op haar, vir haar verder gedwing het om met hom geslagsgemeenskap te hê.

[59] Met betrekking tot die voorval van die 27 Februarie 2016, is dit duidelik dat die beskuldigde ‘n geruime tyd gewoon het in daar stoor of pakkamer wat aan die agterkant van die huis was. Hy is die enigste persoon wat toegang gehad het en in beheer was van daardie pakkamer oor die naweek van Saterdag die 27ste Februarie 2016 tot Maandag, die 29ste Februarie 2016. Die beskuldigde ontken dat hy teenwoordig was toe daar ontdek was dat die oorledene verdwyn het. Dit het hy nooit ontken toe P. C. kom getuig het nie.

[60] P. C. se getuienis was nie in geskil geplaas dat die beskuldigde deurgaans daar op die persele was tot en met die oomblik toe sy ontdek dat die oorledene weggeraak het nie. P. C. se getuienis het op die oog af problematies voorgekom. Veral waar dit teenstrydig is met die getuienis van Mnr Muller wat sê dat sy aan hom meegedeel het oor wat sy waargeneem het op Maandag 29 Februarie 2016. Toe hy gesê het dat sy vir hom meegedeel het dat sy die beskuldigde vroeër die dag gesien het met die kombers waarin die oorledene in toegedraai was.

Dat sy ook verder vir hom gesien het, terwyl hy een van die kamers in die huis skoon gemaak het.

[61] P. het ontken dat sy hierdie mededelings gemaak het aan Mnr Muller. Sy sê sy was nie die betrokke dag by die huis nie, maar by die werk. Ek is geneig om haar weergawe hieroor te aanvaar, want dit strook met die getuienis van al die ander getuies. Hierdie blyk duidelik na 'n geval waar die getuie, Muller of hom misgis het of haar verwar met 'n ander getuie wat duidelik net Ouboeta kan wees. Hoewel soos vermeld is daar sekere aspekte van haar getuienis wat problematies was, maar hierdie aspek van haar getuienis was nooit ontken nie.

[62] Daar is geen rede vir die hof om nie haar getuienis hieroor te aanvaar nie, veral in die lig van die feit dat die beskuldigde nooit dit in geskil geplaas het nie. Haar getuienis was ook dat die beskuldigde in en uitgegaan het daar by die Wendy huis. Dit was ook nooit in geskil geplaas deur die beskuldigde nie, ten spyte van die feit dat sy daaroor getuig het. P. se getuienis was aanvanklik moeilik om te verstaan veral in die lig van die feit dat sy nie kon gesien het hoe iemand die oorledene daar uit die Wendy huis kon geneem het nie. Dit op sigself is nie problematies nie. Dit is duidelik dat sy die betrokke dag oorkant die pad gesit het en dat sy ook nog 'n kind gehad het in haar sorg. Daar is geen rede om haar getuienis nie hieroor te aanvaar nie. Sy in elk geval inkrimineer ook nie die beskuldigde direk met die pleging van die misdaad nie.

[63] Die verdere getuie wie kom getuig het is H.. H. se getuienis dat daar wel 'n geweldige stink reuk was op die aand van die 28ste Februarie 2016, is ook nie in geskil nie en die hof aanvaar haar getuienis hieroor. Sy sê verder en dit is gemene saak dat daar in die pakkamer waar sy en die beskuldigde geslaap het, 'n geweldige stink reuk

was, tot die mate dat hulle moes kruie bossies gebrand het om ontslae te raak van die reuk.

[64] Die verdere getuienis is die van Ouboeta. Sy getuienis het deurmekaar oorgekom. Die getuie het swaar gepraat as gevolg van 'n beroerte wat hy gehad het. Die getuie het ook 'n karige opvoeding. Sy getuienis kon die hof beter verstaan het nadat die hof 'n ondersoek ter plaatse gaan hou het. Die hof het nie verstaan hoe die perseël daar uitgelê was nie, en hoe die woonhuis in verhouding met die Wendy huis wat aan die voorkant van die perseël was, geleë was nie. Wat die hof moeilik kon verstaan het is hoe Ouboeta kon gesien het of die kombuis deur, kon oop gewees het as hy by die hek was om met mense te gesels op die oomblik wat hy sê die beskuldigde dan daar rondom die huis was of binne die huis was.

[65] Met die ondersoek ter plaatse kon 'n mens duidelik sien van die pad se kant dat die bo-kant van die kombuis deur uitsteek. 'n Mens kon duidelik gesien het of die kombuis deur oop of toe was. Sodoende kon die hof sy getuienis beter verstaan. Mnr L. se getuienis verder was dat hy die beskuldigde waargeneem het en gesien het dat hy 'n swart sak by hom gehad het. In die tyd toe hy op pad was na die voorhek. Die beskuldigde ontken dit. Die hof moet dan Mnr L. se getuienis oor hierdie aspek met versigtigheid benader omdat hy 'n enkel getuie is en dat hy plek, plek onseker was van wat hy daar waargeneem het. Sy onsekerheid was nie so seer omdat hy nie geweet het waarvan hy praat nie, maar omdat hy nie behoorlik aan die hof kon oorgedra het wat hy waargeneem het nie.

[66] Mnr L. se getuienis alleenstaande sonder ander getuienis kom nie vir my sterk genoeg oor nie, maar ek sal weer later by hierdie aspek uitkom. As 'n mens gaan kyk na die totaliteit van die getuienis en die waarskynlikhede, steek daar waarheid in hierdie

die getuienis van Mnr L.. Daar is ander aspekte en omringende getuienis wat daarop dui, dat dit wat Mnr L. daar waargeneem het, die waarheid kan wees en die hof soos ek reeds gesê het, sal later daarby uitkom.

[67] Die verdere getuienis is die van die broer van die oorledene, J. C. wat beskuldigde ook in geskil plaas en dit is met betrekking tot die bruin-room gestreepte kombers van Ouboeta wat hy gesien lê het in die pakkamer agter die deur wat effens oop was. Volgens hom was dit opgerol toe hy daar die Sondag was om die okkapyp te gaan haal. Die getuie was baie emosioneel, en was baie omgekrap en kwaad vir die beskuldigde oor die dood van sy suster. Dit mag wel 'n rede wees waarom hy beskuldigde moontlik valslik kan inkrimineer. Wat ook verder vreemd is, is dat H. en P. ook nie daai kombers daar gesien het nie. Dit mag wees dat die kombers agter die deur was en hulle nie dit kon gesien het nie.

[68] Op die oog af beskou en kan die hof nie eindelik veel gewig op hierdie getuienis plaas nie as gevolg van die feit dat hy 'n enkel getuie is met betrekking tot hierdie aspek en dat 'n mens sou verwag het dat H. en ook P. moes die kombers gesien het. Maar 'n mens moet onthou dat P. en H. nooit binne in die pakkamer was die Sondag nie. H. het eers later die aand toe hulle gaan slaap binne in die pakkamer gegaan. Daar was ook nie lig in die kamer nie. Wat wel opvallend is, is die getuienis van P. dat sy op die Sondagmiddag toe sy geld wat sy versteek het naby die tafel waar die emmer met die kombers in was, sy nie die kombers daarin opgemerk het nie. Dit plaas derhalwe die getuienis van J. in 'n ander lig en die hof moet sy getuienis gaan opweeg in die lig van die totaliteit van die getuienis en die hof sal ook later terugkom na hierdie aspek toe.

[69] Nou as 'n mens gaan kyk na die weergawe van die beskuldigde met betrekking tot hierdie voorval, kom dit neer op 'n blote ontkenning. Die beskuldigde was glad nie

‘n goeie getuie nie. Hy het nie die hof beindruk nie as getuie nie. Hy het ook nie die hof in sy vertroue geneem nie. Sy weergawe is hoogs onwaarskynlik as ‘n mens gaan kyk na die volgende aspekte;

[70] Wat die hof vreemd vind in die eerste plek is dat hy nooit gehelp het met soek na die oorledene nie, vanaf die Saterdag tot die Maandag. Sy getuienis is ook baie vaag en ontwykend hieroor. Hierop het hy gesê hulle het hom nie gevra nie. Dan sê hy dat hy maar eerder gedink het hy gaan maar daar bly en rook. Dit is eienaardige redes oor waarom hy nie gaan help soek het vir die oorledene nie en heeltyd was hy net in en om die pakkamer.

[71] Wat die hof ook vreemd vind is dat toe hy die Sondag attent gemaak was op die reuk wat daar in die pakkamer was, soveel so dat hy moes kruie daar gebrand het, hy nie moeite maak om te kyk waar die reuk vandaan kom nie. Aanvanklik het hy gesê toe hulle die middag al die reuk gekry het, dat hulle gedink het dat dit is die hond wat so ruik, maar later toe hy weer op die Sondagaand agterkom, dat die reuk nog steeds daar is, doen hy ook niks om te kyk waar dit vandaan kom nie.

[72] Later toe sê hy weer dat die reuk nie so erg was nie. Maar as dit nie so erg was nie, waarom was dit dan nodig vir hom om kruie te brand en die volgende dag Jeyes Fluid te vat om die kamer mee uit te was om ontslae te raak van die reuk? Wat die hof ook verder vreemd vind is dat hy, toe hy die pakkamer skoon gemaak het op die Maandag om nou agter te kom waar die reuk vandaan kom, net ‘n klein gedeelte van die kamer skoon maak en hy los die agterste gedeelte van die pakkamer en hy maak ook nie dit skoon nie. Hy haal nie al die goed wat daarin was uit om dit skoon te maak nie. Hierop gee hy weer ‘n onsinnige antwoord dat hy net die gedeelte skoongemaak het waar hulle geslaap het.

[73] Dit kon net sowel gewees het dat die reuk gekom het van iets wat gelê het verder agter in die kamer waar hy nie skoon gemaak het nie. Wat die hof ook verder vreemd vind as daar niemand anders was, behalwe die beskuldigde en H. wat nou die Sondagaand by hom geslaap het, dat hy nie kon opgelet het dat daar bloed op die rekenaarskerm, op die muur, asook op die reën klere van V. L., was nie.

[74] Die beskuldigde gee toe dat daar geen ander vreemde persone op die perseël was vanaf die Saterdag toe die kind weggeraak het, tot die Maandag. In die tyd was dit net hy wat toegang gehad het en in en uit daai pakkamer beweeg het. Hy was ook teenwoordig die Maandag toe die reuk nou verskuif het na die binnekant van die huis. Dit wil voorkom asof al die getuies wat kom getuig het, bekommerd was oor die reuk en wou gaan kyk het waar die reuk vandaan kom.

[75] Hy het ook nie gaan kyk en ondersoek instel waar die reuk in die huis vandan kom nie. Juis omdat hy ook geweet het van die skerp stink reuk in die pakkamer waar hy en H. die vorige aand geslaap het. Wat verder eienaardig is, is dat toe daar ontdek word dat die vreemde reuk daar in die huis is, het die beskuldigde toe eers kwansuis begin belangstel daarin om te begin soek vir die oorledene.

[76] Wat verder ook vreemd is, is dat indien 'n ander persoon die oorledene doodgemaak het, moes die persoon dit gedoen het in die tyd wat hy nie daar was nie en die persoon moes ook geweet het dat P. nie daar was nie.

[77] Hy gee verder toe dat dit kan wees dat hy om half drie nog daar kon gewees het. Maar as dit so was en hy nie betrokke was by die dood en verkragting van die

oorledene nie, moes die persoon in die tyd wat omtrent min of meer 'n half uur was, wat tussen die tyd wat hy die perseel verlaat het totdat P. net voor drie ontdek het die kind is weg, die kind uit die Wendy huis geneem. En verder in die tyd haar twee keer verkrag het, aangerand en doodgemaak het. Alles in die kort tydtjie voordat P. daar aangekom het. Die persoon moes dan die oorledene toegedraai het in die mat en daarna met die kombers van Ouboeta, dit met die draad wat in die pakkamer was vasgemaak het. Alles binne die bestek van 'n half uur of hoogstens 'n uur.

[78] Verder moes die persoon die lyk in 'n swart sak geplaas het en binne in die huis geplaas het. Dit kon myns insiens nie later gebeur het nie, want die beskuldigde was vanaf die Saterdag middag so na 16h00, die hele Sondag en vir 'n groot gedeelte van die Maandag teenwoordig in die pakkamer. Verder dit is duidelik dat op die Saterdag die oorledene se liggaam nog nie in die huis kon gewees het nie, want P. het getuig dat hulle ook onder die beddens gesoek het. Die moordenaar moes om toegang tot die goed wat in die pakkamer was, dit geneem het toe hy nie teenwoordig gewees het nie. Terwyl die waarskynlikhede daarop dui dat die persoon wat die oorledene doodgemaak het, moes baie tyd tot sy beskikking gehad het, wat meer was as die kort tyd wat hy nie by die pakkamer was nie.

[79] Dit is ook gemene saak dat die oorledene nie in die Wendy huis was op daardie stadium nie. Volgens sy weergawe was die oorledene ook nie daar in die pakkamer nie. Wat verder eienaardig was dat toe hy teruggekom het, hy niks opgelet het in die pakkamer nie, veral in die lig van die feit dat dit nie so 'n groot pakkamer was nie, dit was 900 meter in breedte en 3.2 meter in die lengte. Hy gee toe dat hy die persoon is wat die pakkamer die beste ken. Beter as enige ander persoon en hy nie agtergekom dat daar iets fout was in die pakkamer nie.

[80] Hy gee toe dat die oranje mat waarin die oorledene se liggaam gerol was, uit die pakkamer kom. Dat die kombers waarin die oorledene se liggaam toegedraai was, wat behoort aan Ouboeta (die room en bruin gestreepte kombers) vasgemaak was met draad wat in die pakkamer was.

[81] Wat verder ook opvallend is, is dat die persoon wat dan nou die oorledene doodgemaak het, moes eers die oranje kleurige mat en Checkers inkopies sak wat in die pakkamer was, gevat het. Verder, die kombers wat aan die buitekant in 'n emmer net oorkant die pakkamer waar die beskuldigde geslaap het, gevat het. Dit alles gebruik het om die oorledene se liggaam in toe te draai en te verberg. Daarna ook die draad wat in die pakkamer was waar die beskuldigde geslaap het geneem het, om alles mee vas te bind terwyl die beskuldigde wie deurgaans daar was behalwe vir die kort tydtjie wat hy weg was op Saterdag nie daarvan bewus was nie. Dit is onwaarskynlik dat so iets kon gebeur het.

[82] Hy gee ook toe dat dit ook eienaardig is dat die persoon wat die oorledene doodgemaak het en vir hom wil impliseer, dan die liggaam van die oorledene nie erens anders weg van die perseel gaan neergooi nie maar dit daar los in die slaapkamer. Hy gee ook toe dat dit onmoontlik sou gewees het dat iemand die liggaam van die oorledene daar by die huis kon ingedra het sonder dat Ouboeta dit sou opgemerk het. Veral omdat Ouboeta gewoonlik daar sit en televisie kyk en dit sou gesien het. En dat indien die lyk daar geplaas moes gewees hetsy die Saterdag of die Maandag dat Ouboeta daarvan bewus sou gewees het. Tensy dit gebeur het op 'n stadium toe Ouboeta nie in die huis teenwoordig was nie.

[83] Daar was geen direkte getuienis voor hierdie hof dat die beskuldigde verantwoordelik was vir die ontvoering, verkragting of die doodmaak van die oorledene

nie. Die Staat se saak berus op omstandigheids getuienis. Indien die hof omstandigheidsgetuienis evalueër, moet die hof bevind dat daar genoegsame bewese feite is om 'n afleiding te regverdig. Dit moet ook dan die enigste redelike afleiding wees. In hierdie verband verwys die hof na die saak van **R v Blom 1939 AD 188 op 202 – 203** wat die volgende riglyne neergelê het.

(i) die afleiding wat die Staat bepleit met al die bewese feite versoenbaar is

(ii) geen ander redelike afleiding uit daardie feite gemaak kan word nie.

Dit is geykte reg dat die bewese feite sodanig moet wees dat dit alle redelike afleidings uitsluit behalwe die een dat die beskuldigde die persoon is wie die misdaad gepleeg het. Dit is belangrik om daarop te let dat 'n afleiding slegs redelik is as dit in ooreenstemming met die bewese feite is.

[84] In hierdie saak beskou die hof die volgende as die bewese feite:

Eerstens dat die beskuldigde die persoon is wat alleenlik gebly het in daardie pakkamer oor die naweek van die 27ste Februarie 2016 tot en met die 29ste Februarie 2016 en hy was daar teenwoordig. Dit word bevestig deur sy getuienis dat hy die Saterdag daar was. Ek aanvaar die getuienis van P. dat hy daar was in daardie pakkamer en die enigste persoon wat daar toegang gehad het tot die pakkamer tot op die oomblik toe hulle ontdek het dat die oorledene weggeraak het.

Tweedens, dat die oranje mat of stuk seil waarin die oorlende se liggaam gedraai was, in die pakkamer was; die Checkers sak en ook soortgelyke draad wat gebruik was om die kombers vas te maak om die oorledene se liggaam ook in die pakkamer was.

Derdens, dat die kombers die room kleurige en bruin streep kombers van Ouboeta waarin die oorledene se liggaam toegedraai was, regoor die pakkamer in 'n emmer was

waartoe die beskuldigde ook toegang gehad het.  Nie een van die ander persone op die perseël het daai kombers hanteer nie.

Vierdens, die oorledene moes aangerand gewees het en leed aangedoen gewees het wat tot haar dood gelei het daar binne in die pakkamer as gevolg van die bloed wat op die muur gevind was, op die rekenaarskerm en op die reën klere van V. L..  Dit kan nêrens ander gewees het nie.

Vyfdens, dit moes gebeur het op Saterdag 27 Februarie 2016 volgens die mediese getuienis net na 12 uur en voor 2 uur en dit moes gebeur het in die tyd wat die beskuldigde daar was.

Sesdens, dat die oorledene se liggaam die aand van die 27ste Februarie 2016 en ook deur die dag van die 28ste Februarie 2016 daar in die pakkamer moes gewees het.

Ek sê dit om die volgende redes; omdat die beskuldigde die enigste persoon was wat toegang gehad het tot daai pakkamer en verder omdat daar al reeds op die 28ste Februarie 2016 'n reuk teenwoordig was in die pakkamer soos iets wat ontbind het.

Sewende, ook vir die verdere volgende rede omdat volgens die mediese getuienis van die patoloog, Dr Abrahams daar knaagdiere begin eet het aan die vingertoppe van die oorledene, wat daarop dui dat sy eers in die pakkamer vir 'n geruime tyd was voordat sy na die huis toe verskuif was.

[85] Dit is duidelik en daar is geen ander getuienis dat daar op die res van die perseël ook muise was nie.  Daar was 'n teenwoordigheid van muise was in die pakkamer volgens Mnr Ockhuis die ondersoekbeampte. Volgens hom, het hy die onlasting en tekens van muise daar gesien die Donderdag. Dit is duidelik en dit is hier waar ek terugkom na die getuienis van Ouboeta, dat die beskuldigde dan die Maandag daai lyk verwyder het en binne in die huis gaan sit het.

[86] Dit versterk die oog getuienis van Ouboeta, en dit word ook ondersteun deur die getuienis van J. C.. Ek sê dit om die rede wat ek reeds genoem het. Die reuk was van iets wat ontbind het, was die Sondagmiddag en die Sondagaand daarin die pakkamer. J. sê hy het die kombers opgerol gesien in die pakkamer die Sondag toe hy daar was. Die middag was daar 'n reuk en die aand was daar 'n reuk in daai pakkamer.

[87] Die Maandag middag het daai reuk verskuif na die huis toe. Ouboeta sê hy het beskuldigde gesien met 'n swart sak voor die kombuis deur. Volgens die getuienis, was daar 'n swartsak onder die bed en daarna het hulle die kombers gevind waarbinne die lyk toegedraai was. Dit versterk en verleen waarheid aan die getuienis van Ouboeta.

[88] Die enigste redelike afleiding wat die hof kan maak uit die omringende feite en omstandighede is dat die beskuldigde op die laat oggend en vroeg middag van die 27ste Februarie 2016 die oorledene uit die Wendy huis gaan haal het. Vir haar op die een of ander manier sonder dat P. agtergekom het, geneem het na die pakkamer, haar daar verkrag het en toe dood gemaak het. Die mediese getuienis dui daar op dat die oorledene op 'n manier gesterf het dat niemand anders wat daar teenwoordig was op die persele dit sou agter gekom het nie. Ek se dit om die volgende redes. Eerstens, die oorledene se mond aan die binnekant het beserings opgedoen en haar tande het in haar tandvleis ingesny wat daarop dui dat iemand haar mond probeer toedruk of toesmoor het. Tweedens, die hoof oorsaak van dood was verwurging om die nek area wat verder daarop dui dat sy nie kon geskree het toe sy aangeval was nie.

[89] Die mediese getuienis dui ook verder aan dat sy 'n steekwond aan die linkerkant van die bors opgedoen het wat die teenwoordigheid van die bloed teen die muur van die pakkamer, die rekernaarskerm en reenpak verduidelik het. Dit dui verder ook dat sy 'n besering op haar kop opgedoen het. Daar was intense swelling van die skedel wat

volgens Dr Abrahams dui op die toediening van intense geweld op die kop. Die hof is dan tevrede dat dit die beskuldigde is wat op die 27ste Februarie 2016 die oorledene daaruit die Wendy huis uitgeneem het, daarna beseer het, verkrag het in haar vagina ook in haar anus en daarna dood gemaak het.

[90] Myns insiens het die Staat bewys hul saak bo redelike twyfel teen die beskuldigde bewys. Soos die beskuldigde toegegee het verwys alle vingers na hom toe. Daar is geen ander afleiding wat hierdie hof kan maak nie. **Die beskuldigde word dan skuldig bevind op al 7 die klagtes soos ten laste gelê in die akte van beskuldiging**.

R.C.A. Henney

**Regter van die Hoë Hof**